VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Sulanda Baard, Leah Coetzee, Megan Fourie, Jana Wessels.
Maandag:	Johan Brink, Mila Krige.
Dinsdag:	Lisa Baard, Linnaea Burger, Edward Campbell, Dan de Villiers, Elbé Hofmeyr, Michaela Holz, Stefan Kühn, Andre van Blommenstein.
Woensdag:	Leah Baard, Christine Digue, Johann Maas, Maureen Malan, Liesl Mcenery, Dewald Mynhardt, Michael Paxton, René Smith, Jeanne-Pierre Vermeulen.
Donderdag:	Melanie Human, Carla Lourens, Enid Swart, Marise Vos.
Vrydag:	Katrien Lambrechts, Marié Retief, Nancy Roos, Elbie Schenck.
Saterdag:	Attie Coetzee, Monniek Faul, Corrie Ferreira, Jess Jackson, Lorraine Lombard, Ig Nothnagel, Ansie Smit.

Vir enige Nutsman-werk:

soos elektriese– en loodgieterswerk, algemene instandhouding en skoonmaak van dreine: mariusvanblerk01@gmail.com of 061 108 8472

Vakante Betrekking : NG Kerk Gordonsbaai

Die gemeente van Gordonsbaai beskik oor 'n vakture vir 'n ***Eredienskoster*** vanaf 1 September 2021.

Primêre pligte behels:

- Sondae alle eredienste (oop en toesluit / voorberei van gebou(e) / toesig), asook Goeie Vrydag, Hemelvaart, Pinkster, Kersdag.
- Huwelike / Begrafnisse / Funksies (oop en toesluit / voorberei van gebou / toesig).
- Hulp verleen by Gemeente funksies bv Basaar en Hoenderbraai.
- Rekenaarvaardigheid 'n vereiste.

Vir meer inligting oor die vereistes en verantwoordelikhede van die posisie, kontak Sanette Strydom : ngkgordonsbaai@absamail.co.za

Aansoeke sluit : 6 Augustus 2021

... bid tot My vir daardie stad, wat sy belange is ook julle belange.

Jeremia 29:7

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 1 AUGUSTUS 2021

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00:	HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING:	EFESIËRS 4:1 - 16
TEMA:	ONS IS DIE BEWYSE VAN DIE OORWINNING!



EREDIENSTE UITSENDINGS Ons eredienste kan vanaf vandag weer in die kerkgebou plaasvind - met maksimum 50 mense in die lokaal - en word daarvandaan lewendig uitgesaai. As jy dus nie die diens in die kerkgebou bywoon nie, kan jy daarby inskakel deur die volgende skakel te gebruik:

http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH/

Baie dankie aan almal wat laat weet dat hulle inskakel, en wat ook laat weet hoe die uitsending verloop. Dit is goed om te weet dat daar heelwat meer as net die paar mense in die kerkgebou deel is van die erediens, en stel ons ook in staat om die gehalte van die uitsendings te verbeter. Jy kan 'n boodskap stuur na eredienste@nghottentotsholland.co.za, of na 082 859 5646.

DEUROFFERS:

Vandag se deuroffer gaan vir die Instandhouding van Geboue

Ons gemeente is baie bevoorreg om reeds vanaf die gemeente se ontstaan 'n baie doelmatige kerkgebou, saal en ander lokale te hê. Om seker te maak dat ons die gebou, wat nou reeds 41 jaar oud is, in goeie toestand hou en toe te sien dat ons net so 'n doelmatige erfenis aan die gemeente van die toekoms nalaat, is dit nodig dat ons die onderhoud van die gebou op datum moet hou. Die hout-deure is stadig maar seker besig om die einde van hulle dienstyd te bereik, en die Eiendomme Diensgroep oorweeg om dit met aluminium te vervang - wat sowat R250 000 sal kos.
Vandag se ***deur-offer*** (addisionele insameling, bo en behalwe ons dankoffers) word gebruik as 'n bydrae tot die moontlike vervanging van die houtdeure van ons gemeente-sentrum.

Volgende week: Gemeenteontwikkeling

Erediens op YouTube

Die diens word deur die loop van elke Sondag op YouTube gelaai. Die skakel daarvoor is op die gemeente se webtuiste (http://www.nghottentotsholland.co.za/) beskikbaar - "Liefde na Bo" / "Eredienste" en dan aan die onderkant van die blad, "Vorige Eredienste"

Teken asb in (*subscribe)* op ons Youtube kanaal:

https://www.youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Jy sal dan 'n kennisgewing kry wanneer elke erediens daarop beskikbaar is.

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. ... En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Matt 28:18 & 20

Ons bid vir mekaar

In ons gemeente is 'n groep mense wat vir spesifieke mense en instansies bid. Ons gee inligting aan mekaar d.m.v. whattsApp boodskappe en kan sodoende vinnig mekaar vra om saam te bid. Jy is welkom om in te skakel by hierdie groep, én / óf om te laat weet as ons vir jou of iemand anders kan bid.
Stuur gerus 'n boodskap na of bel 082 859 5646

Bybelgesprek - Woensdae 08:45 - 09:45 Psalm 126

Ons is bevoorreg om weer met ons Bybelgesprek-geleenthede te kan voortgaan. Ons het in Februarie 2020 begin met die Pelgrim-Psalms (Psalm 120-134) en het gevorder tot Psalm 125, voordat die inperking ons verhoed het om by mekaar te kom. Ons gaan hierdie reeks voortsit. Ons kom in die kerkgebou bymekaar.
Elkeen wat die geleentheid bywoon, moet asseblief hulle omgee vir mekaar wys deur hulle name in die register te skryf, hulle temperatuur meet, sosiale afstand handhaaf en hulle maskers dra.

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

Maak 'n volhoubare impak:

Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle." (Sag 8:23)
Omdat ons oortuig is daarvan dat die wêreld die kerk nodig het, wil ons graag by mekaar hoor hóé ons ons spesifieke roeping kan uitleef waar ons ons bevind.
Ons sal volgende week 'n datum vir so 'n gesprek bekendmaak.
Intussen is jy welkom om met Wally (073 212 2391) of Hennie (082 859 5646) hieroor te gesels.

Jy moet in die donker nooit twyfel oor wat God jou in die lig vertel het nie. VR Edman

Gasvrye mense sien mekaar raak en luister na mekaar

Ons gemeente word gedryf deur die woorde van Johannes 13:34 & 35 ***Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.***

In die gemeente mis ons mekaar, omdat ons nie gereeld bymekaar kan kom nie. In die land roep mense op allerlei maniere uit dat hulle alleen en verstote voel. Omstandighede in ons land laat mens dink aan Augustinus wat gesê het *''n Mens se hart bly onrustig, totdat dit rus gevind het in God*.

Kom ons gryp die geleentheid aan om uit te reik na mense in hulle alleenheid en onrustigheid. Probeer om elke week ten minste een bekende persoon / familie en een onbekende / minder bekende persoon / familie te kontak. Gesels sommer net oor positiewe dinge wat gebeur. En luister goed na die ander een.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing.
Dankoffer vir dankoffer tydens erediens
Dankoffer vir maandelikse dankoffer